MUSIEKBLYSPEL 2018

12 Maart 2018

Geagte ouers

Soos in die verlede, beoog ons weer ‘n besonderse musiekblyspel wat ‘n onvergeetlike impak op u kind se ontwikkeling gaan hê en altyd deel van sy/haar herinneringe sal bly. Hierdie jaar gaan ons ‘n besondere musiekspel aanbied om die skool se 70ste bestaansjaar te vier. **Ons hoop dat alle leerlinge sal deelneem aangesien dit ons feesjaar se hoogtepunt sal wees.**

Die optredes vind plaas vanaf 17 – 20 en 25 – 27 September. 24 September is ‘n vakansiedag daarom maak ons voorsiening vir die langnaweek. Teken asb die datums aan en hou dit beskikbaar.

Die fooi beloop R400-00 per leerder wat die registrasiefooi van R100-00 insluit. Waar daar meer as een kind aan die musiekblyspel deelneem, kan ons ‘n afslag van R50-00 op die totale bedrag toestaan (R350-00 vir tweede/derde kind). Registrasievorm plus die R100 registrasiefooi moet teen 28 Maart 2018 afgehandel wees om ons in staat te stel om ons getalle en groepe te finaliseer. U is dan welkom om die res van die fooi teen R100-00 per maand, per kind, by die registeronderwyser af te betaal sodat die volle bedrag teen 31 Julie 2018 afbetaal is. **(Aparte skeurstrokie vir elke deelnemer na registeronderwyser asb)**
Die R400 per leerder word gebruik om die choreografie, musiekopnames, begeleidingsbande, dekor, rekwisiete, beligting, kostuums en vele administratiewe uitgawes te betaal.

Ons neem ook die vrymoedigheid om te vra dat waar dit vir u moontlik is, kinders te borg vir wie dit finansieel nie moontlik is om deel te neem nie. Waar daar ‘n probleem is, is u welkom om dit te kom bespreek.

Indien ‘n leerder sou onttrek, kan gelde ongelukkig nie terugbetaal word nie omdat ons alreeds begin om betalings te doen. Leerders is welkom om nog later te besluit om aan die musiekspel deel te neem (slegs in tweede kwartaal) indien hul gelde dan tot op datum vereffen word.

Indien u toestemming gee dat u kind mag deelneem en bereid is om die bedrag te betaal, versoek ons u om die onderstaande skeurstrokie volledig vir **elke kind** te voltooi en terug te stuur skool toe, voor of op 28 Maart. **Indien u inbetalings by die kantoor doen, laat weet asb die registeronderwyser/es sodat dit teen u kind se naam afgemerk kan word. Verwysing: familienaam, musiekblyspel, kind se naam indien meer as een leerling in die skool.**

Die kore het reeds begin om van die liedjies te oefen**. Koorlede moet Woensdae asb gereeld kom oefen**. Die opnames vir die klankbaan vind reeds aan die einde van die eerste kwartaal plaas.

Leerders wat gekies word vir **openingsdans en hoofrolle** moet sekere middae in die **tweede en kwartaal** beskikbaar wees vir oefening. Oudisiedatums sal op die weeklikse **nuusbrief** verskyn (sien ook inligting agterop hierdie brief).

Byvoorbaat baie dankie vir u positiewe samewerking.

Groete

A van Rensburg	**A Snyman**	**P Ferreira**
Produksieleier	Kultuurhoof	Hoof

Skeurstrokie ----------

VOLTOOI ASB DIE SKEURSTROKIE VIR ELKE KIND APART.

(Indien u geld saam met die oudste kind stuur moet u asb steeds’n strokie vir elke kind voltooi sodat ander personeel die kinders in hul klas kan registreer en aandui dat die geld by die ouer boetie/sussie inbetaal is)

Hiermee gee ek _____ ouer van _____in gr ____ toestemming dat hy/sy aan die musiekblyspel mag deelneem en **sluit die bedrag van R100-00 vir registrasiefooi in**.
Ek onderneem om die volle bedrag van R400-00/R350-00 (meer as een kind) op 31 Julie 2018 in te betaal.

Ouer boetie/sussie _____ Gr _____

_____	_____	_____
Handtekening – Ouer	Ouer – kontaknommer	Datum